## Temas van vorige jare


**2019 – God is nog steeds in die prentjie**
**2020 – God ons groot Voorsiener**
**2021 – Bly Waaksaam, en Wag op die Here**
**2022 – Verbreed jou horison ("Disturb us Lord")**

**2023 – Die jaar van Offers en Opofferings**

# Middernagdiens 2022



2023 – Die jaar van Offers en Opofferings



2022-12-31

**AGS Rayton**

Past Gustav van Aardt

## Inleiding

- **Offers kom regdeur die Bybel voor**
- **Na die sondeval lees ons van die offers deur Kain en Abel**
- **God gee ‘n instruksie aan Abraham om sy seun Isak te offer.**
- **By die instelling van die pasga word ‘n lam geslag (die bloed was die teken).**
- **Priesters, die Wet en offers**
- **Ons word gered deur die Seun van God, Jesus Christus wat vir ons geoffer is.**

- **Wat word egter nou van ons verwag tov Offers en Opofferings?**


## Ons leef nie meer vir onsself nie

**Rom 14:7 Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. 8 Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.**
Rom 14:9 Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer lewend geword, om oor dode sowel as lewende te heers.

*** Ons leef en sterf tot eer van die Here.**

*** Ons is veronderstel om nie ons eie belange te bevorder nie, maar God se belange.**

*** Ons behoort aan die Here.**



**Gal 2:20** Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

## Opoffering van Jouself (en eie wil)

**AGTER JESUS AAN GAAN**
**KEUSE (WIL JY)**









**SELF VERLOËN**
**"EIE EK" OPOFFER**



**NEEM JOU KRUIS OP**



**VOLG JESUS**

**Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Mat 16:24**

## Offer jou eie belange op

Fil 2:3 Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. 4 Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. 5 Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.

- **Ag ander hoër as jouself**
- **Soek geleenthede om mekaar te help.**
- **Die Here haat hoogmoed**

Spr 8:13 Die vrees van die HERE is om te haat wat sleg is; hoogmoed en trotsheid en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond haat ek.

- **Jesus mag dalk selfs verwag jy moet besittings verkoop en aan die armes gee. (Mar10:21)**

## Offer dinge wat jouself kan laat struikel, 'n sonde of 'n verslawing

Rom 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as **'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer** dit is julle redelike godsdiens. 2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

Heb 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die **heiligmaking** waarsonder niemand die Here sal sien nie;

**Laat die Heilge Gees jou lei**

## Offer iets wat ander laat struikel

1 Kor 8:12 Maar deur so teen die broeders te sondig en hulle gewete wat swak is, seer te maak, sondig julle teen Christus. 13 Daarom, as voedsel my broeder laat struikel, sal ek in der ewigheid geen vleis eet nie, om my broeder nie te laat struikel nie.

- Ons laat dinge so baie keer oor onsself gaan.
- Ons eie gemak.
- Ons eie besigheid

**Hoeveel is ons bereid om op te gee, ter wille van ander?**

*** Dit moet iets waardevols vir ons wees.**

## Ander Offers (dinge opgee)

- **Eie tyd**
  - (Gee meer tyd vir God se Koninkryk, kerk, gebed, mekaar)
- **Iets wat jy teen iemand het**
  - (Vergewe. Offer jou trots en bitterheid)
- **Vlees en eie begeertes**
  - (Dit is ‘n offer om te vas)
- **Wêreldse dinge en gewoontes**

Mat 16:26  Want wat baat dit ‘n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal ‘n mens gee as losprys vir sy siel? .


## Bring Offers aan God

**Psa 4:6**  Offer offerandes van geregtigheid en vertrou op die HERE.

**Psa 50:14**  Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;

**Psa 50:23**  Die een wat dank offer, eer My; en die een wat op sy weg ag gee, hom sal Ek die heil van God laat geniet.

**Heb 13:15**  Laat ons dan gedurig deur Hom aan God ‘n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.



## Christus is vir ons geoffer

Eff 5:2 en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.

Heb 10:14 Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.














"Doen dit tot my gedagtenis"

Joh 5:13 Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.